education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

ONTWERP V2

PRAKTIES

NOVEMBER 2008

PUNTE: 100

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 1 addendum.

Kopiereg voorbehou

TYD: LU1: Praktiese proses/voorbereiding by die skool en/of by die huis [50]
LU2: Praktiese produk onder beheerde omstandighede slegs by die skool gedoen.
18 uur [50]

UITDEEL: Laaste Maandag van die 3de termyn.

INLEWERINGSDATUM: Sal deur elke provinsie bepaal word.

Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel.

Die vraestel bestaan uit TWEE dele:

Die eksamenwerkboek/bronboek (A3-grootte) (LU1) (50 punte)
Die finale praktiese eksamenproduk (LU2) (50 punte)

TOTAAL: 100 PUNTE

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

1. Hierdie vraestel bestaan uit twee opsionele temas of onderwerpe.

2. Kies slegs EEN van die twee onderwerpe.

1. OPDRAG/TEMA/ONDERWERP: 'Suid-Afrikaanse Erfenis'

Neem deel aan of reageer op 'n kompetisie-opdrag – 'Die Jong Ontwerperstoekenning'

Ontwerp kan 'n kragtige instrument wees – dit moet gebruik word om sosiale belange/sake aan te raak en om verandering teweeg te bring. Kortom, 'n goeie ontwerp verbeter ons lewensgehalte.

Met dit in gedagte, het jy besluit om deel te neem aan Suid-Afrika se glorierykste ontwerpkompetisie. Hierdie jaar het die borge besluit om die klem te plaas op ons Suid-Afrikaanse erfenis. Jou ontwerp moet dus daarop konsentreer om ontwerpoplossings te skep wat daarop gemik is om Suid-Afrika se ryke erfenis te vier.

Jou ontwerp moet uit EEN van die volgende kategorieë gekies word:

- Kommunikasie-/Inligtingsontwerp
- Handvlytontwerp (basies tweedimensionele ontwerp)
- Handvlytontwerp (basies driedimensionele ontwerp)
- Omgewingsontwerp en Digitale Ontwerp

OF

2. OPDRAG/TEMA/ONDERWERP

ACSA ('Airport Company of South Africa'/Lughawe-maatskappy van Suid-Afrika) is verantwoordelik vir die instandhouding, sekuriteit en die ontwerp van alle lughawens in Suid-Afrika. Lughawens is openbare plekke wat gereeld deur plaaslike en buitelandse reisigers gebruik word.

ACSA wil aan die omgewing in en om die lughawe 'n nuwe beeld gee. Hulle daag jong ontwerpers uit om enige aspek van die lughawe-omgewing te neem en met 'n innoverende idee vorendag te kom wat die lughawe-omgewing esteties aangenaam sal maak. Dit kan 'n winkel, restaurant, sekuriteitsaspek, administratiewe- of wagarea, kiosk, vlugsentrums, motor-verhuringskantoor, ensovoorts wees. ACSA moedig jou aan om nuwe items te ontwerp wat in die winkels verkoop kan word, om funksionele keramiekstukke vir openbare gebruik te skep, plakkate te maak, inligtingstekens te verander, nuwe asblikke te ontwerp, modeuitrustings vir sekuriteit of restaurante te ontwerp, ensovoorts.

Die jong ontwerpers sal die item van hulle keuse skep en dit sal dan uitgestal word by die lughawe van elke groot stad.

Skep EEN ontwerp uit EEN van die volgende vier kategorieë:

- Kommunikasie-/Inligtingsontwerp
- Handvlytontwerp (basies tweedimensionele ontwerp)
- Handvlytontwerp (basies driedimensionele ontwerp)
- Omgewingsontwerp en Digitale Ontwerp

INSTRUKSIES AAN DIE LEERDERS

VEREISTES

DEEL 1
PROSES

1. Alle proses-/voorbereidende werk vir jou ontwerp moet in 'n bronboek/werkboek, (A3-grootte) getoon word.

2. Hierdie werk het betrekking op die proses van konsepsuele denke tot by die realisering daarvan.

3. Deeglike ondersoek van probleme wat deur die ontwerpopdrag opgelewer word, moet uitgebeeld word.

4. Die ontwerpproses moet in A3-formaat vasgelê word.

5. Die werkboek/bronboek moet in die vorm van 'n album aangebied word (dit is in boekvorm).

6. Dit moet maklik oopmaak en bladsye hê wat maklik kan omblaai.

7. Die werkboek/bronboek moet van ligte materiaal gemaak wees sodat dit maklik vervoer kan word.

8. Maak seker dat die werkboek professioneel aangebied word.

LET WEL:

- Omdat die proses/voorbereiding dieselfde gewigstoekenning as die finale produk het, moet daar genoeg tyd hieraan spandeer word om sodoende ook die belangrikheid hiervan te beklemtoon.
- Jou onderwyser kan by hierdie voorbereidingsessie betrokke wees.
- Jy mag tuis hieraan werk.
- Vir meer inligting, verwys na die *Leerprogramriglyne (LPR)*, Januarie 2007.

KRITERIA

Jy moet die volgende uitbeeld:

- Bewys van tonale tekening(e) wat verband hou met die finale konsep (1 x A3 of 2 x A4)

Jy mag ook van die volgende kriteria gebruik maak:

- Uitdrukking van voorneme en beredenering
- Bewys van navorsing
- Bewys van eksperimentering
- Bewys van vrugbare idees (byvoorbeeld klein sketse ('thumbnail sketches')
- Bewys van ontwikkelingskonsepte
- Self-evaluering van die proses

[50]

DEEL 2
PRODUK

1. 'n Tweedimensionele ontwerp moet NIE groter as A2 in grootte wees NIE.

2. Die grootte van 'n driedimensionele ontwerp sal afhang van die funksie van die voorwerp wat gemaak word. Hou in gedagte dat die finale produk na 'n sentrale nasiensentrum vervoer sal moet word om uitgestal/nagesien te word.

KRITERIA

Jy kan van die volgende kriteria gebruik maak:

- Kreatiwiteit en oorspronklikheid
- Tegniek en vakmanskap/handvaardigheid
- Bewys van betrokkenheid by ontwerp
- Bewys van 18 uur se werk onder gekontroleerde omstandighede
- Professionele aanbieding

LET WEL:

- Die onderwyser mag glad NIE die kandidaat op ENIGE manier tydens die finale produksie van die ontwerp/produk help nie.
- Alle werk moet onder toesig van die onderwyser by jou skool gedoen word.
- Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat of werk wat gekoop is, sal streng gepenaliseer word.
- 'n Verklaring van egtheid/oorspronklikheid moet deur elke kandidaat voltooi word (ADDENDUM A).
- Werk moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd gedoen word, of byvoorbeeld gedurende drie opeenvolgende dae van ses uur elk, ensovoorts. Hierdie tydsindeling of keuse kan met jou skool onderhandel word. **[50]**

TOTAAL (LU1 EN LU2): 100

INSTRUKSIES AAN DIE ONDERWYSER/ES

PRAKTIESE EKSAMEN LU1 (50 PUNTE) EN LU2 (50 PUNTE)

1. Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel.
   Die vraestel bestaan uit TWEE dele: LU1 (die eksamenwerkboek/ -bronboek) A3-grootte en LU2 (die finale praktiese eksamenproduk).

2. Hierdie praktiese vraestel moet op die laaste Maandag van die 3de kwartaal aan die leerders gegee word.

3. Omdat LU1 (proses) dieselfde puntetoekenning as LU2 (die finale produk) het, moet genoeg tyd daaraan bestee word sodat die belangrikheid daarvan erken sal word.

4. Gevolglik kan leerders hulle LU1-voorbereiding tydens die vakansie doen. Die LU1-voorbereiding/proses kan dan vroeg in die 4de kwartaal voortgaan. Die onderwyser/es kan by hierdie voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees. As gevolg van die voorbereidende aard van LU1, word leerders toegelaat om werk tuis te voltooi.

5. Al die LU1-werk moet voltooi en gereed wees voor die begin van die LU2-eksamen. Leerders kan die LU1-bronboek as verwysing in die LU2-eksamen gebruik. Beide LU1- en LU2-eksamenwerk moet onmiddellik na die LU2-eksamen voltooi is, aan die eksamenbeampte voorgelê word. Hierdie datum sal deur elke provinsie vasgestel word.

6. Die onderwyser/es mag op GEEN wyse die leerder tydens die finale produksie van die ontwerp help nie (LU2).

7. Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat of werk wat aangekoop is, sal streng gepenaliseer word.

8. LU2 moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd of tydens drie aaneenlopende dae van ses uur elk plaasvind. Jou keuse van eksamenopsie of tydsindeling moet met jou skool onderhandel word.

9. LU2 moet by die leerder se eksamensentrum plaasvind, onder toesig van die skoolonderwyser. LU2-werk mag NIE tuis gedoen word NIE en mag NIE van die eksamenkamer weggeneem word NIE.

10. Elke provinsie sal die proses betrokke by die nasien van LU1 (bronboek A3) en LU2 (finale produk) bepaal. Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word met betrekking tot datum, tyd en plek van die voorlegging van werk aan eksamensentrums.

11. Die eksamen-LU1 sal professioneel in 'n A3-werkboek/-bronboek in 'n album-vorm aangebied word.

12. LU1 en LU2 moet netjies en duidelik gemerk word. Skrif moet leesbaar wees.

13. Plak ADDENDUM A op LU1- en LU2-werk.

14. **Moet NIE eksamen-LU1 en -LU2 met die PAT's 1, 3 en 5 (jaarwerk) verwar nie.**

Kopiereg voorbehou

PAT's 1, 3 EN 5

- Elke provinsie sal die proses betrokke by die moderering van die Eksamenwerk -LU1 (proses/voorbereiding in die werkboek/bronboek) en LU2 (finale eksamenproduk) en (PAT's 1, 3 en 5) bepaal. Skole sal deur die provinsies ingelig word met betrekking tot datum, tyd en plek vir moderering van PAT's 1, 3 en 5 (jaarwerk) en nasien/assessering van die finale eksamenwerk.

- LU1 moet professioneel in 'n A3-grootte werkboek-/bronboek-formaat in album-vorm aangebied word.

- Kandidate wat nie PAT's 1, 3 en 5 voorlê nie, sal GEEN punte vir hierdie deel van die eksamen ontvang nie.

- Die volgende prosedure kan deur elke provinsie aangepas word om by elkeen se proses van moderering/assessering aan die einde van die jaar aan te pas:
  Voorbeeld van die samestelling van 'n werkboek/bronboek (A3):

  1. Inhoudsopgawe met leesbare bladsyverwysings.

  2. Al die LU1's (proses/voorbereiding) moet in die werkboek/bronboek (A3) in chronologiese volgorde saam met die onderskeie assesseringsbladsye geplaas wees, byvoorbeeld assesseringsvorm gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 1; assesseringsvorm gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 3; assesseringsvorm gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 5.

- Elke provinsie sal hulle eie metode van inlewering en moderering/assessering van LU2's stipuleer. 'n Moontlike voorbeeld:
  Die LU2 (finale produk) of PAT's 1, 3 en 5 kan as deel van 'n uitstalling, aangebied word saam met elkeen se assesseringsvorm aan die bokant of langsaan vir moderering.

- Besonderhede van hoe die werkboek/bronboek (A3) benader moet word, kan in die *Ontwerp-Leerprogramriglyne* (Januarie 2007) en die *Vakassesseringsriglyne* (Januarie 2008) (DoE-webtuiste) gevind word.

- Ontwerp-kategorieë is in die Januarie 2007-*LPG* herklassifiseer.

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

Hierdie addendum moet losgemaak, gekopieer, voltooi, geteken en op die voorblad van die A3-jaarwerkboek/bronboek (wat die voorbereiding/proses van die PAT's bevat) geplak word, asook die finale eksamenwerkboek/bronboek (wat die voorbereiding/proses van die finale ekamen bevat.

Dui met 'n kruisie (X) aan of dit die jaarwerkboek/bronboek (PAT's) en/of die eksamenwerkboek/bronboek is.

JAARWERKBOEK/-BRONBOEK (voorbereiding/proses as deel van die PAT's)	
EKSAMENWERKBOEK/BRONBOEK (voorbereiding/proses vir die finale eksamen)	

2008 PRAKTIESE EKSAMEN

1.	Vaknaam	
2.	Vakkode	

VERKLARING

Hierdie werk is onder toesig van die Ontwerp-onderwyser/es sonder hulp van enigiemand anders gedoen.

Hiermee word gesertifiseer dat al die werk voorgelê, die oorspronklike en eie werk van die kandidaat is.

Eksamennommer													
Sentrumnommer													
Distrik													
Streek													
	Handtekening										Datum		
Skoolhoof													
Eksamenkommissaris													

Kopiereg voorbehou